# Kom kuier by Heroldfees volgende week

07:30 (GMT+2), Fri, 23 August 2013

Like Be the first of your friends to like this.



SUID-KAAP NUUS - Volgende naweek is dit weer tyd vir die gewilde en groter as ooit Agri Herold-landboufees by Tuinroete Agri se handelstak op Herold. Die fees wat vanjaar belowe om groter en beter as verlede jaar te wees vind van Donderdag 29 tot Saterdag 31 Augustus plaas.

"Die doel met die fees is om landbouer en diensverskaffer by mekaar uit te bring, en vanjaar het ons nie brieke nie!" sê Weeber Truter, voorsitter van Agri Herold-landbouvereniging en die feeskomitee.

Konstruksie van die nuwe veilingslokaal op die feesterrein vorder flink. "Die lokaal gaan Donderdag 29 Augustus op die eerste dag van vanjaar se fees ingewy word," sê Truter.

Mathys Roets, wat die vorige aand by die afskopfunksie by Oppie Plaas-venue in Waboomskraal optree, gaan ook die inwyding bywoon wat om 10:30 in die nuwe lokaal plaasvind.

Die nuwe permanente lokaal wat krale en 'n veilingsarena insluit, sal 'n welkome alternatief bied vir die tent waarin die veilings die afgelope vyf jaar gehou is.

Die nuwe veilingslokaal word Donderdag gebruik vir die vetveeveiling en Saterdag vir die Suid-Kaap Bonsmara-klub se stoet- en kommersiële veiling. Vrydag vind 'n kuddekompetisie van kleinvee plaas, asook 'n karkaskompetisie.

Langs die nuwe lokaal word ook 'n nuwe arena gebou wat gebruik sal word vir verskeie demonstrasies. Trekkers en plaaswerktuie en nuwe voertuie gaan in die arena gedemonstreer word. Veteraanmotors en -trekkers sal ook te sien wees.

'n Brandblus-demonstrasie deur die Southern Cape Fire Protection Association (SCFPA) en 'n skaaphondvertoning deur Chris Hayward en sy vier honde beloof om groot hoogtepunte te wees.

Buitelugaktiwiteite Saterdag sluit 'n Rebel 4x4-uitdaag, die Herold-bergfietswedren, toutrek, skyfskiet en helikoptervlugte in.
Vermaak vir groter kinders word van Vrydagmiddag af verskaf in die vorm van springkastele, waterballe, 'n verfbaltonnel, ritte op ponies, 'n sleepwa en 'n treintjie, of op vierwielmotorfietse op 'n roete deur die veld.

Kleuters van 3 tot 6 gaan Saterdag van 09:00 tot 15:00 binne die groot skuur veilig en beskut besig gehou. Koste hier-
aan verbonde beloop R60 per kind, wat 'n worsbroodjie, sap en vrugte insluit. Jannie de Bruin en sy marionette gaan ook deelneem aan die program. Marlene Stander van Laerskool Herold en haar helpers gaan die kleingoed konstruktief besig hou. Kontak haar by 079 381 0898 vir meer inligting.

Talle uitstallings binne en buite Tuinroete Agri se reuseskuur beloof om interessante produkte en dienste vir landbouers bekend te stel. SA Jagters en die Roofdierforum, wat die nuwe protokol vir probleemdiere gaan verduidelik, is onder die uitstallers. Kosstalletjies en 'n biertuin sal die innerlike verkwik.

Donderdag vind die Agri Herold-streekjeugskou plaas. Vrydag word twee gratis kursusse deur kundiges aangebied: Om 08:00 word 'n kursus in kalfgrootmaak aangebied, en om 10:30 word 'n geakkrediteerde trekkerkursus aangebied. Vir meer inligting oor enige van hierdie kursusse, kontak Tisha Steyn by 044 272 8304.

Vir meer inligting of as jy dalk nog nie jou uitstalruimte bespreek het nie, kontak Patrys Erasmus by 079 101 8259 of Weeber Truter by 082 566 2070,.